Verwysing: 20190226-2116
Lêernommer: 12/2/13/6
Navrae: V Madasi

Inrigtingshulpbrononderstеuningsminuut : 0003/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van gewone openbare en toepaslike spesiale skole

Onderwerp: Aanlyn stelsel vir graad R- tot 9-werkboeke vir 2019

1. Soos aangedui in Omsendbrief: 0027/2018, gedateer 27 Julie 2018, is werkboeke (graad R tot 9) vir die tweede helfte van 2019, by alle skole afgelewer.

2. Om werkboektekorte en -oorskotte vir graad R tot 9 in die tweede helfte van 2019 vroegtydig te identifiseer, moet alle openbare skole tussen 06 en 10 Mei 2019 toegang tot SOBIS verkry. Gedurende hierdie tyd moet skole hul werklike getal werkboeke vir elke graad ontvang teenoor hul leerdertalprojeksie vir Julie 2019 vaslê en afteken.

3. Wanneer toegang tot SOBIS verkry is, moet skole die "Administration"-opsie op die keuselys kies. Kies "Workbooks" op die aftreklys en dan die "Welcome and guidelines"- of "Capture"-skerm.

4. Die volgende persone kan gekontak word indien u bystand met die vaslegging van u besonderhede en die aftekenproses benodig:

   Vuyelwa Madasi by tel. 021 467 2108 of via e-posadres
   Vuyelwa.Madasi@westerncape.gov.za

   Kashiefa Sedien by tel. 021 467 2553 of via e-posadres
   Kashiefa.Sedien@westerncape.gov.za

5. Sodra al die skool se werkboekbesonderhede vir die spesifieke fases vasgelê is, moet die aftekenproses voltooi word.

6. Die inligting wat oor werkboektekorte en -oorskotte ingewin is, sal via EduInfoSearch toeganklik wees vir die toepaslike distriksamptenare wat verantwoordelik sal wees vir die fasilitering van die verspreiding en oplaai van werkboeke waar tekorte en oorskotte is.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

GETEKEN: L MCGLENATENDOLF
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2019-03-28